



VAK	BESIGHEIDSTUDIES			POST-TOETS SESSIE NR.	2	DATUM	15 MAART 2025
ONDERWERP	BESIGHEIDS STRATEGIEë & SEKTORE			TYD	15 MIN	PUNTE	20
GRAAD	12	VAN			NAAM		

INSTRUKSIES:	• Beantwoord AL die vrae op hierdie TOETSBLAD. • Daar is net EEN korrekte antwoord vir elke vraag. • Lees die instruksies/vrae aandagtig deur. • Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. • Kies die korrekte antwoord en OMKRING die toepaslike LETTER (A–D).
---------------------	--

1	Watter EEN van die volgende stellings beskryf die strategiese bestuursproses die beste?	
	A	Hersien Visie/Missiestelling; Voer omgewingskandering uit; Stel datums vir beheer en opvolg; Implementeer strategieë; Voortdurende evaluering van strategieë
	B	'n Duidelike visie/missie hê; Kyk vorentoe en agtertoe in die implementeringsproses; Ontwikkel strategieë; Evalueer voor- en nadele van die strategie; Voortdurende evaluering van strategieë
	C	Hersien/ontleed visie- en missiestelling; Voer omgewingskandering uit; Formuleer strategieë; Implementeer strategieë; Neem regstellende stappe; Beheer/Evalueer/Kontroleer van geïmplementeerde strategie
	D	'n Duidelike visie/missie hê; Neem regstellende stappe; Vergelyk verwagte en werklike prestasie; Implementeer strategieë; Besluit op die verlangde uitkoms

2	Die intensiewe strategie wat daarop gemik is om die besigheid se bestaande produkte in nuwe markte te verkoop, staan bekend as ...	
	A	Produkontwikkeling
	B	Mark penetrasie
	C	Mark ontwikkeling
	D	Mark uitbreiding

3	Jarrad, 'n boer, het die ... vertikale integrasie strategie toegepas toe hy die vrugte- en-groente-stalletjie wat sy produkte verkoop, gekoop het.	
	A	loodregte
	B	intensiewe
	C	terugwaartse
	D	voorwaartse

4	Wynland Supermark het ... beheer oor die makro omgewing:	
	A	volle
	B	geen
	C	beperkte
	D	'n bietjie

5	Die volgende is voordele verbonde aan die implementering van intensiewe besigheidstrategie:	
	A	Skakel mededinging uit; Verhoogde markaandeel; Verkry kliënte lojaliteit deur doeltreffende advertensie veldtogte; Dienslewering verbeter wat besigheidsbeleid kan verbeter
	B	Verkry kliënte lojaliteit; Verminderde markaandeel; Skakel mededinging uit; Verhoogde verkope
	C	Verminderde kliënte lojaliteit; Handelsmerk lojaliteit; Skakel mededinging uit; Verhoogde winsgrense
	D	Beheer oor pryse; Verhoogde staatsinmenging; Skakel mededinging uit; Verhoogde verkope

6	WCB-(Edms.) Bpk. word geklassifiseer as deel van die ... sektor aangesien hulle met organiese druiwe vir die uitvoermark boer:	
	A	tersiêre
	B	sekondêre
	C	privaat
	D	primêre

7	Dit was maklik vir Gita se Unieke Gebak om 'n handelslisensie te bekom. Dit verwys na die ... as 'n element van Porter se Vyf Kragte-model.	
	A	Bedingingsmag van verskaffers/Krag van verskaffers
	B	Onderhandelings krag van kopers/Krag van koper
	C	Bedreigings/Hindernisse van nuwe toetreders tot die mark
	D	Krag van mededingers/Mededingende wedywing

8	Watter van die volgende stellings beskryf die strategie-evalueringsproses die beste?	
	A	Ondersoek die onderliggende basis van die strategie; Vergelyk die verwagte prestasie met die werklike prestasie; Strategie-formulering; Implementeer die strategieë; Neem regstellende stappe
	B	Ondersoek die interne en eksterne omgewing; Vergelyk die verwagte prestasie met die werklike prestasie; Kyk vorentoe en agtertoe in die proses; Formuleer die strategieë; Neem regstellende stappe
	C	Ondersoek die onderliggende basis van 'n besigheidstrategie; Vergelyk die verwagte prestasie met die werklike prestasie; Strategie-formulering; Meet prestasie om die redes vir afwykings te bepaal; Neem regstellende stappe
	D	Ondersoek die onderliggende basis van 'n besigheidstrategie; Kyk vorentoe en agtertoe in die implementeringsproses; Vergelyk die verwagte prestasie met die werklike prestasie; Meet prestasie om die redes vir afwykings te bepaal; Neem regstellende stappe

9	Die besigheid voeg nuwe produkte of dienste by wat nie verband hou met bestaande produkte nie, maar wat by bestaande verbruikers kan aanklank vind. Dit staan bekend as ...	
	A	Konglomeraat diversifikasie
	B	Horisontale diversifikasie
	C	Konsentriese diversifikasie
	D	Intensiewe diversifikasie

10	Meje Bpk. het van hul bates verkoop om hul kontantvloei te verbeter. Hierdie defensiewe strategie staan bekend as ...	
	A	Ontbondeling
	B	Bate vervreemding
	C	Diversifikasie
	D	Likwidasië

